

HOOFSTUK 5SAMEVATTENDE OORSIG5.1 DOEL VAN DIE ONDERSOEK

Die algemene doel met hierdie ondersoek was om die begaafde student te vergelyk met die gemiddelde student ten opsigte van hul akademiese prestasies, aanleg, belangstelling, persoonlikheid en studie-oriëntasie.

Hieruit het veral die volgende spesifieke doelstellings voortgevloei naamlik om te bepaal of :

- i) die begaafde groep studente (mans en dames) statisties beduidend verskil van die gemiddelde groep studente (mans en dames) met betrekking tot die kognitiewe veranderlikes (SAT en standerd tien prestasie);
- ii) die begaafde en gemiddelde groep (mans en dames) statisties beduidend van mekaar verskil ten opsigte van die nie-kognitiewe veranderlikes (19VBV, PHSF en OSGH);
- iii) die begaafde manlike groep statisties beduidend verskil van die gemiddelde manlike groep studente met betrekking tot kognitiewe veranderlikes;
- iv) die begaafde manlike en gemiddelde manlike groepe statisties beduidend van mekaar verskil ten opsigte van nie-kognitiewe veranderlikes;
- v) die begaafde en gemiddelde vroulike groepe statisties beduidend van mekaar verskil ten opsigte van kognitiewe veranderlikes;

vi) die begaafde vroulike groep statisties beduidend verskil van die gemiddelde vroulike groep studente met betrekking tot nie-kognitiewe veranderlikes.

In hierdie ondersoek is daar van hulpmiddels soos profielontleding en t-toetse gebruik gemaak ten einde die resultate statisties te verwerk.

5.2. LITERATUURSTUDIE

In die literatuurstudie is die kognitiewe en nie-kognitiewe veranderlikes betrek asook die omskrywing van sekere relevante begrippe.

In die eerste plek is gepoog om 'n volledige beskrywing te gee van die begaafde persoon. Dit is gedoen aan die hand van omskrywings van verwante begrippe soos begaafdheid en intelligensie, identifisering, kenmerke en opvoeding van die begaafde persoon. Die rol van omgewing en oorerwing by begaafdheid, probleme wat die begaafde persoon ondervind, geslagsverskille by begaafdheid is betrek. Daar is verder gelet op die verband tussen begaafdheid en kreatiwiteit en die invloed van begaafdheid op die gesin.

Tweedens, aangesien die begaafde persoon met die gemiddelde persoon in hierdie ondersoek vergelyk word, is daar gelet op die normale I.K.-verspreiding om sodoende die gemiddelde persoon te identifiseer. Daar is min inligting in die

literatuur oor hierdie persone beskikbaar, aangesien alle ander groepe gewoonlik juis in vergelyking met die gemiddelde persoon beoordeel word.

Vervolgens is daar aandag geskenk aan veranderlikes wat in hierdie ondersoek betrek is, asook verwante begrippe om meer duidelikheid te verskaf. Die begrip persoonlikheid word dikwels verwar met die begrip aanpassing en daar is gepoog om die twee begrippe duideliker te omskryf. Die veranderlikes aanleg, belangstelling en studiegewoontes en houdings is volledig omskryf en by aanleg en belangstelling is die modelle vir die meting daarvan ook bespreek.

Aandag is ook gegee aan resultate van ander ondersoeke wat nou aansluit by hierdie ondersoek om sodoende te poog om 'n duideliker beeld van die voorafgaande begrippe te gee.

5.3 METODE VAN ONDERSOEK

5.3.1 Proefpersone

Vir die doel van hierdie ondersoek is die massatoetsing-gegewens van 1984 se eerstejaarstudente aan die PU vir CHO gebruik. Daar is een honderd en veertig studente ewekansig gekies vir die gemiddelde groep (sewentig mans en sewentig dames) en ook sewentig studente vir die begaafde groep op dieselfde wyse (vyf en dertig mans en vyf en dertig dames). Die geskatte I.K.-punt op die SAT is as kriterium gebruik :

vir die gemiddelde groep is die afsnypunt vanaf negentig tot een honderd en tien vasgestel en vir die begaafde groep een honderd drie en twintig en hoër.

5.3.2 Meetinstrumente

Al die velde van die negentienveld-belangstellingsvraelys is as meting van belangstelling gebruik, asook al die komponente van die Persoonlike, Huislike, Sosiale en Formele Verhoudingevraelys vir die meting van persoonlikheid. Al die veranderlikes van die Opname van Studiegewoontes en -houdings is gebruik, en die eerste tien subtoetse van die Senior Aanlegtoetse is ook betrek. Die studente se eindresultate van standerd tien in die verskillende vakke is ook in hierdie ondersoek betrek.

Die verskillende subtoetse, velde en skoolprestasies van elke instrument, asook inligting ten opsigte van die betroubaarheid en geldigheid daarvan, word in die betrokke hoofstuk bespreek.

5.4 STATISTIESE TEGNIEKE

5.4.1 Profielontleding

Wat profielontleding betref, is gemiddelde routellings vir elke groep op elk van die vyf meetinstrumente volgens die volgende twee dele, naamlik kognitiewe en nie-kognitiewe veranderlikes bereken. Daarna is gemiddelde profiele vir elke groep ten opsigte van die twee veranderlikes opgestel.

Vervolgens is met behulp van die SAS-rekenaarprogramme bepaal of die twee groepe se profiele ewewydig is en die gemiddelde vektor vir elke profiel is bepaal.

5.4.2 T-toetse

T-toetse is met behulp van die BMDP-3D rekenaarprogramme vir elke groep ten opsigte van al die velde of komponente op alle veranderlikes afsonderlik uitgevoer. Hierdeur kon bepaal word of daar 'n statisties betekenisvolle verskil is tussen die gemiddelde en begaafde groepe, asook tussen die twee groepe, geslag inaggenome.

5.5 BEVINDINGS

Die resultate van die ondersoek is in Hoofstuk 4 bespreek. In die eerste plek is gepoog om deur middel van profieontleding vas te stel of die groep ten opsigte van kognitiewe en nie-kognitiewe veranderlikes verskil (met ander woorde nie-ewewydig is). Ten tweede, indien die profiele nie-ewewydig is, is die t-toetse uitgevoer om te bepaal op watter velde van die veranderlikes daar 'n beduidende verskil is. Die bevindings van die ondersoek word nou puntsgewys volgens die ses spesifieke doelstellings in Hoofstuk 1 opgesom.

5.5.1 Die begaafde groep studente (albei geslagte gesamentlik) se profiel was nie-ewewydig aan die gemiddelde groep studente (albei geslagte) ten opsigte van kognitiewe veranderlikes. Die t-toetse het die volgende aangedui:-

- die begaafde groep het beduidend beter presteer ten opsigte van Afrikaans (eerste taal), Engels (tweede taal), Duits hoër graad, Biologie hoër graad, Geskiedenis hoër graad, Aardrykskunde hoër graad en standaardgraad, Hout- en Metaalwerk standaardgraad, Tegniese Tekene hoër graad en Tikskrif standaardgraad.

Dit is opvallend dat die gemiddelde groep in geen vak beduidend beter presteer nie. Dit kan toegeskryf word aan die begaafde groep se beduidend hoër aanleg (op al die SAT velde), asook hul beter werkmetode (op die OSGH). Die literatuur (sien 2.1.4.5) ondersteun bogenoemde bevindings ten opsigte van vakprestasies deur aan te dui dat die begaafde persoon ten opsigte van die volgende aspekte oor spesiale talente beskik naamlik:-

- Syferkundig (Wiskunde, Wetenskap, Rekeningkunde)
- Wetenskap
- Tegnies (Hout- en Metaalwerk, Tegniese Tekene)
- Kunste
- Verbaal of Taal (Afrikaans, Engels)
- Sport
- Leierskap
- Kreatiwiteit.

Die begaafde groep het ook, soos reeds genoem, beduidend beter presteer op al die SAT-velde, wat verklaar kan word deurdat die kriterium waardeur die groep geselekteer is, reeds die prestasie op die SAT is. Hul beduidend beter vermoë ten opsigte van

Verbale Begrip, Berekeninge, Vergelyking, Patroonvoltooiing, Figuurreekse, Ruimtelik 2-D en 3-D en Geheue kan die goeie prestasies ten opsigte van sekere vakke ook verder verklaar, soos byvoorbeeld by Biologie, Geskiedenis en Aardrykskunde is geheue en verbale begrip belangrike faktore.

5.5.2 Ten opsigte van die nie-kognitiewe veranderlikes het die begaafde en gemiddelde groepe (beide geslagte) se profiele 'n nie-ewydigheid getoon. Die t-toetse is dus ten opsigte van al die velde van die nie kognitiewe veranderlikes (19VBV, PHSF en OSGH) uitgevoer. Die volgende bevindings is verkry :-

- Op die 19VBV het die begaafde studente beduidend hoër belangstellings getoon op die volgende velde:-
- Beeldende kuns,
- Uitvoerende kuns,
- Kreatiewe Denke en
- Numeries.

Uit die literatuur (sien 2.1.4.3) blyk dit dat die begaafde 'n belangstelling toon eerder in die abstrakte (Kreatiewe Denke) as in die praktiese (Prakties-vroulik-kookkuns, ensovoorts). Hulle beoefen ook eerder beroepe soos onderwys, besigheid, wetenskaplike navorsing, kuns, ensovoorts (sien 2.1.4.7. Die gemiddelde groep toon 'n beduidend hoër belangstelling in Klerklik (roetine kantoortake) wat direk in teenstelling is met Kreatiewe Denke. Die

begaafde groep is ook beduidend meer aktief gerig ten opsigte van aktiwiteite in vergelyking met die gemiddelde groep.

- Op die PHSF toon die gemiddelde groep 'n beduidend hoër telling op die komponent Sosialiteit - G. Hierdie studente toon dus 'n meer spontane deelname aan sosiale groepsverkeer, terwyl die begaafde studente hierdie vraelys beduidend meer eerlik beantwoord het as die gemiddelde groep (soos gevind is by die gewenstheidskaal van die PHSF). Hierdie bevinding word ook ondersteun deur Coetzee (1975:101). Die vraelys hou dus moontlik minder bedreiging in vir die begaafde groep en dus kan hulle dit ook eerliker beantwoord. Dit is moontlik as gevolg hiervan dat daar ook min ander verskille tussen die groepe gevind is ten opsigte van persoonlikheid. Die bevindings in die literatuur naamlik dat die begaafde sosiaal beter aangepas is, kan moontlik hier ondersteun word, deurdat hulle wel 'n persoonlikheidsvraelys eerlik kan beantwoord, aangesien hulle better aangepas is (sien 2.1.4.4). Die literatuur dui aan dat die begaafde persoon beter selfvertroue vertoon, asook logiese denke (volgens 2.1.4.4). Eersgenoemde kon nie hier bevestig word nie, aangesien die gemiddelde groep gepoog het om hul beter voor te doen, maar laasgenoemde stelling kom reeds na vore deurdat die begaafde student wel eerlik kan antwoord op sulke persoonlikheidsvrae.

- Op die OSGH het die begaafde studente slegs 'n beduidend beter werkmethode getoon teenoor die gemiddelde studente. Hierdie bevinding ondersteun wel hul beter prestasies in akademie, alhoewel hulle ten opsigte van al die ander velde geen betekenisvolle verskil toon nie. Coetzee (1975:95) het egter by haar ondersoekgroepe meer verskille gevind wat wel beduidend is.

5.5.3 Die begaafde manlike groep se profiel is nie-ewewydig aan die profiel van die gemiddelde manlike groep ten opsigte van die kognitiewe veranderlikes. Volgens die t-toetse op die SAT en skoolprestasies is die volgende bevind :-

- die begaafde manlike groep het statisties beduidend hoër prestasies getoon in die volgende vakke: Afrikaanse (eerste taal), Engels (tweede taal), Latyn hoër graad, Wiskunde hoër graad, Natuur- en skeikunde hoër graad en standaardgraad, Rekeningkunde hoër graad, Tegnieke Tekene hoër graad en Hout- en Metaalwerk standaardgraad. Die begaafde persone presteer beter as gevolg van hul begaafdheid.

5.5.4 Daar is 'n ewewydigheid gevind tussen die profiele van die begaafde manlike groep en die gemiddelde manlike groep met betrekking tot nie-kognitiewe veranderlikes (19VBV, PHSF en OSGH). Alhoewel die t-toetse nie normaalweg uitgevoer word wanneer ewewydigheid gevind

word nie, is die t-toetse reeds op die velde van die nie-kognitiewe veranderlikes uitgevoer en word die bevindings slegs kortliks genoem :-

- Die begaafde manlike groep het wel beduidend beter presteer ten opsigte van kreatiewe denke (op die 19VBV) en die gewenstheidskaal (op die PHSF). Daar was geen beduidende verskil ten opsigte van die studiegewoontes en- houdings van die manlike groepe nie, wat ook verduidelik waarom hierdie begaafde groep in heelwat minder vakke beter presteer het as die begaafde vroulike groep teenoor die gemiddelde vroulike groep. Die gemiddelde manlike groep toon dus ook die neiging om die persoonlikheids- vraelys minder eerlik te beantwoord as die begaafde manlike groep. Die gemiddelde manlike groep toon ook 'n beduidend hoër belangstelling in Klerklik (sien voorafgaande verduideliking).

5.5.5 Die begaafde vroulike en gemiddelde vroulike groepe het ook ten opsigte van kognitiewe veranderlikes nie-ewewydigheid in die profiele getoon. Die begaafde vroulike groep het beduidend hoër presteer op al die velde van die SAT. Statisties beduidende hoër prestasies is getoon ten opsigte van die volgende vakke :-

Afrikaans (eerste taal), Engels (tweede taal), Duits hoër graad, Wiskunde hoër graad, Natuur- en Skeikunde hoër graad, Geskiedenis hoër graad, Aardrykskunde hoër graad, Rekeningkunde hoër graad en standaardgraad, Biologie standaardgraad, Huishoudkunde

standaardgraad en Tikskrif standaardgraad. Dieselfde redes geld hier, naamlik dat die beduidend beter prestasies in hierdie vakke toegeskryf kan word aan die beduidend hoër vermoens van die begaafde groep asook hul hoër belangstellings in sekere van hierdie velde byvoorbeeld Numeries en Kreatiewe Denke.

5.5.6 Die profiele van die begaafde vroulike groep en die gemiddelde vroulike groep ten opsigte van nie-kognitiewe veranderlikes is ook nie-ewewydig. Die begaafde vroulike groep toon 'n beduidend hoër belangstelling ten opsigte van die velde Beeldende Kuns, Kreatiewe Denke, Prakties-Manlik en Numeries. Dit stem ooreen met die beroepe wat begaafde vroue eerder volg, naamlik op die gebied van die onderwys, besigheid, wetenskaplike navorsing, kuns, ensovoorts (2.1.4.7). Daar is egter ook bevind dat meeste begaafde vroue die rol van huisvrou vertolk, wat moontlik die gebrek aan verskille tussen die begaafde en gemiddelde vroulike groepe ten opsigte van persoonlikheid kan verklaar. Die vroulike begaafde groep neig ook om eerder aktief deel te neem aan aktiwiteite (19VBV). Die twee vroulike groepe het ook geen beduidende verskil getoon met betrekking tot studie-oriëntasie nie.

Ten slotte is ook gevind dat die belangstellings van die begaafde manlike studente meer ooreenstem met die gemiddelde manlike groep (slegs beduidende verskille ten opsigte van kreatiewe denke en klerklik) as wat die belangstellings van

die begaafde vroulike studente met dié van die gemiddelde vroulike groep ooreenstem (vyf velde verskil beduidend). Hierdie bevinding word ook ondersteun deur Terman se navorsing (sien 2.1.9 - Duminy, 1963:64).

Uit hierdie studie het daar dus aan die lig gekom dat daar wel wesenlike verskille is tussen die gemiddelde en begaafde student (geslag ook inaggenome).

5.6. AANBEVELINGS

Die resultate van hierdie ondersoek toon 'n beduidende verskil tussen die begaafde en gemiddelde student ten opsigte van verskeie velde van vermoëns, prestasies, belangstellings, persoonlikheid en studie-oriëntasie. Daar is dus 'n behoefte aan vroeë identifikasie van die begaafde kind of leerling sodat hierdie persoon met meer begrip hanteer kan word en sodat die opvoedingsproses vir die persoon voorsiening sal maak. Dit kan lei tot beter aanpassing van die begaafde persoon, asook verhoogde produktiwiteit.

Die volgende aanbevelings kan gemaak word ten opsigte van toekomstige navorsingsondersoeke :-

- a) Aangesien daar in hierdie ondersoek tot min insig in persoonlikheidsverskille by die verskillende groepe gekom is, kan dit sinvol wees om by 'n volgende ondersoek die PHSF aan te vul met die Jung-Persoonlikheidsvraelys of enige ander relevante vraelys.
- b) Meer meetinstrumente kan gebruik word om studie-oriëntasie te evalueer. Dit kan byvoorbeeld aangevul word deur persoonlike vraelyste en -onderhoude wat moontlik meer lig sal werp op die verskillende groepe se werkswyses.
- c) Groter ondersoekgroepe kan ook betrek word, sodat die afsnypunt ten opsigte van begaafdheid hoër kan wees.

Dit is duidelik dat daar 'n wesenlike behoefte is aan volle evaluering van die begaafde persoon voordat hy enige tersiêre opleiding ontvang, aangesien hierdie persoon indien hy psigologies beter begryp word, veral ten opsigte van persoonlikheid, meer produktief sal wees vir die Republiek van Suid Afrika.